’n Uur van Gebed vir Libië

ARISE LIBYA

’n Jaar van Gebed
1 Jan. – 31 Des. 2015



Dié uur van gebed is saamgestel as hulp vir jou persoonlike of groepgebedstye. Elke gedeelte gee riglyne oor hoe om vir 5 minute te bid. Saam gee die 12 gedeeltes 'n uur van gebed. Sien elke gedeelte asseblief slegs as 'n voorstel. Jy kan gerus verder gaan en/of dié gedeeltes verander. Reageer op hoe die Gees jou lei om te bid.

Aanbidding – Psalm 67
Begin jou uur deur die Here met lofprysing te verwelkom. Loof Hom vir Sy karakter en skoonheid. Loof Hom vir Sy werk in jou lewe. Lig die Here se Naam oor die nasie as 'n banier. Loof Sy perfekte en goeie doelwitte vir Libië. Loof Sy naam en laat 'n spesifieke verse of tema jou hart vul.

Belydenis – Psalm 51
Dit is 'n tyd van selfondersoek. Laat die Heilige Gees enige onbelyde sonde (in jou persoonlike lewe, maar ook in jou houding teenoor ander en spesifiek Moslems) aan jou uitwys. Soos dit in jou gedagtes opkom, erken net jou sonde en sondigheid voor die Here. Bely jou sonde en draai jou rug daarop. Aanvaar die Here se vergifnis met vrymoedigheid en maak jouself gereed om vir Libië in te tree.

Luister – Johannes 10:27
Dit is 'n tyd wanneer jy die Here vra om nuwe goed aan jou te openbaar. Vra God om Sy wil, strategieë en planne aan jou te openbaar. Vra die Here spesifieke vrae oor enigiets wat op jou hart is. Skryf gedagtes en indrukke wat by jou opkom, neer. Toets dit later deur die Woord en met ander gelowiges.

Openbaring – Johannes 8:28-32
Die meeste Libiërs ken nie die waarheid van Jesus nie. Hul lewens word beheer deur pyn, vrees, twyfel en leuens. Bid vir 'n openbaring van Jesus deur drome, visioene, lees van die Bybel, die getuienis van gelowiges en enige ander manier waarop die Here Homself wil openbaar. Bid dat waarheid die land sal deurtrek en vryheid bring.

Gelowiges – Efesiërs 6:10-13
Daar is min buitelandse gelowiges in Libië en baie min gelowige landsburgers. Dié minderheid staan voor groot beproewings van 'n fisieke oorlog en nog groter beproewings weens die geestelike oorlog. Bid dat hulle almal sal vasstaan en die boosheid in die land weerstaan. Bid dat hulle almal die oë sal rig op die volgehoue genade van Jesus.

Arbeiders – Lukas 10:2
Die Here beveel ons om Hom vir arbeiders te vra. Eendag ervaar ons dalk die vreugde van ontmoetings met Libiërs wat dankbaar is oor ons gebede vir arbeiders. Ons kan hulle inderdaad in ewige wonings verwelkom en in die groot feesviering deel! Bid vir meer voorbidders om uit te roep vir arbeiders. Bid vir arbeiders wat op God se oproep sal reageer om sy Evangelie in Libië te gaan deel.

Regering – Jesaja 9:6-7
Libië het tans nie 'n sentrale regering nie. Opponerende regerings, stamleiers en militias heers oor verskillende stede en streke. Bid dat God die huidige politieke krisis sal oplos en vrede in die land bring. Bid dat 'n regverdige regering ingestel sal word wat na die behoeftes van die mense sal omsien.

Versoening – 2 Korintiërs 5:17-21
Burgeroorlog het in 2011 in Libië uitgebreek. Dit het gelei tot politieke, stam- en familieverdeeldheid wat elke mens in die land raak. Bid dat God verhoudings op elke vlak sal herstel. Bid vir 'n vloedgolf van versoening tussen die mense en God wanneer hulle die genesende krag van Jesus ontdek.

Grense – Psalm 147:12-14
Libië se grense word nie beheer nie. Dit lei tot onwettige deurgang van vlugtelinge van ander lande, seksslawe, dwelms, wapens en baie ander goedere. Vra die Here om goddelike grense op te rig wat regverdig sal onderskei wat in die land moet bly en wat moet gaan. Bid vir 'n eensgesindheid wat ordentlike bestuur van grense sal toelaat.

Onbereikte Mense/Diaspora – Hebreërs 13:1
Libië is die tuiste van baie onbereikte mense. Die burgeroorlog het baie van hierdie mense ontwortel, met na raming 1-2 miljoen mense wat in verskillende lande verstrooi is (die diaspora). Bid vir gelowiges om die mense van Libië wat seergekry het in hul lewens en huise te ontvang. Bid dat Libiërs wat nie die waarheid van Jesus ken nie, met liefde en gasvryheid verwelkom sal word.

Media-uitreik – Habakkuk 2:14
Satelliet, radio, webwerwe en sosiale media is onmisbare kanale om Jesus in Libië bekend te maak. Te midde van probleme en struikelblokke vir arbeiders om in die land te bly, is die media 'n magtige instrument om elke huis in Libië aan te raak met die boodskap van verlossing. Bid vir oë en harte om oop te gaan by die aanhoor van die boodskap van Jesus.

Danksegging – Psalm 95
Danksegging is jou erkenning van jou waardering aan die Here vir wat Hy doen, vir jou en ander. Dank God in dié tyd vir wie Hy is, Sy gawes, Sy antwoorde op jou gebede, Sy sorg en voorsiening, ensomeer. Dink oor die verlede en dank die Here vir alles wat jy van Hom ontvang het. Sê vir die Here presies waarom jy dankbaar is.